Tafelberg Fotografieklub

Algemene Kompetisie Reëls

Datum: 2011-06-30
Weergawe 4

'n Maksimum van 4 foto's kan ingeskryf word, met 'n **maksimum van 2 per medium** (prints of digitaal) **en maksimum van 2 per kategorie** (vaste of ope) in 'n medium.

Gedrukte en digitale foto's word apart beoordeel en aparte wenners word aangewys per kategorie in hierdie medium.

In die Vaste kategorie foto's moet die tema primêr uitbeeld en moet 'n direkte verband met die tema hê. Hierdie reel geld vir alle kompetisies tensy spesifiek anders gemeld, bv. in die geval van 'n 'vat vyf'.

Algemene vrae

1. Hoeveel foto's mag 'n fotograaf per kompetisie inskryf?
In totaal mag 'n fotograaf **vier (4) foto's inskryf per kompetisie**. Foto's moet deur die fotograaf self geneem word.

2. Hoeveel mediums is daar waarin foto's ingeskryf kan word?
Daar **is twee (2) mediums**, naamlik:

- Prints (gedrukte foto's)
- Digitaal

3. Wat is die aantal foto's wat per medium ingeskryf mag word?
In enige van bg. mediums mag 'n maksimum **van twee (2)** foto's ingeskryf word.
Foto's kan in die ope of vaste kategorie per medium ingeskryf word. Elke kompetisie het 'n vaste tema.

4. Hoeveel ope en vaste kategorie foto's mag in 'n medium ingeskryf word?
'n Maksimum van een (1) foto mag per medium (prints of digitaal) in 'n kategorie ingeskryf word.
Voorbeeld: As twee (2) foto's ingeskryf mag word in die digitale medium, dan kan die fotograaf self besluit of hy/sy albei in die ope of vaste kategorie wil inskryf en of 1 per kategorie ingeskryf wil word.

Dieselfde geld vir die gedrukte medium foto's..

Aantal foto's ingeskryf	Gedrukte Medium	Digitale Medium
4	**2** 2 in Vaste Kategorie OF 2 in Ope Kategorie OF 1 in Vaste Kategorie en 1 in Ope Kategorie	**2** 2 in Vaste Kategorie OF 2 in Ope Kategorie OF 1 in Vaste Kategorie en 1 in Ope Kategorie

6. Hoe werk die sterstatus stelsel?
Wanneer 'n fotograaf aansluit by die klub is hy/sy outomaties 'n 1-ster in beide die prints en digitale mediums. (Elke geval word op meriete beoordeel deur die bestuur en as die lid voorheen aan 'n ander klub verbonde was mag sy/haar vorige

toekennings in ag geneem word vir die bepaling van die status)

7. Hoe vorder ‘n lid na ‘n volgende sterstatus?
'n Lid vorder deur punte en goue toekennings te versamel in klub en salon kompetisies. Punte word verkry deur brons, silwer en goue toekennings wat in kompetisies verwerf word.
‘n Vasgestelde aantal goue toekennings en punte word benodig om te vorder na ‘n volgende sterstatus. Vir die meer senior statusse word salon punte addisioneel vereis.
Afsonderlike graderings word per medium gedoen, ‘n fotograaf kan bv. ‘n 3-ster wees vir “prints”, maar slegs ‘n 1-ster in die digitale medium.

Om te vorder na ’n volgende sterstatus moet ’n klublid aan al die gespesifiseerde kriteria voldoen, bv. Vir 2-ster kwalifikasie moet ten minste 24 klubpunte EN 6 Goud/COM toekennings verwerf word.

Vordering	Klubpunte	Aantal Goud/COM	Salonpunte
1 – 2 ster	24	6	-
2 – 3 ster	72	18	-
3 – 4 ster	168	42	6
4 – 5 ster	288	72	26
5 ster – Meester	488	122	86

8. Hoe verkry ‘n lid punte en goue toekennings in klubkompetisies?
Sien die tabel hieronder oor hoe 'n lid punte en goue toekennings verwerf in klubkompetisies. Ster-punte word verkry deur brons, silwer en goue toekennings wat in kompetisies verwerf word. Tans vind beoordeling plaas as ‘n merk uit 30.

Indien jou foto ‘n kategorie wenner die aand is kry jy 4 punte (5 indien die foto ‘n meriete toekenning gekry het). Indien 'n foto 'n meriete en kategorie wenner is, word (1) bonuspunt bygevoeg.

Punte per Ster/Score per Star						
Status	**1-Ster**	**2-Ster**	**3-Ster**	**4-Ster**	**5-Ster**	**Meester**
Geen toekenning	00 - 09	00 - 11	00 - 13	00 - 15	00 - 15	00 - 15
Brons	10 - 13	12 - 15	14 - 17	16 - 19	16 - 19	16 - 19
Silwer	14 - 17	16 - 19	18 - 21	20 - 23	20 - 23	20 - 23
Goud	18 - 30	20 - 30	22 - 30	24 - 30	24 - 30	24 - 30
Meriete	27 - 30	27 - 30	27 - 30	27 - 30	27 - 30	27 - 30

9. Hoe verkry ‘n lid salon toekennings?
Fotografieklubs in Suid-Afrika bied salon kompetisies aan (onder die vaandel van die PSSA). Elke salon kompetisie het sy eie reëls en kategorieë waarin ingeskryf kan word. Enige lid van ‘n fotografieklub (nie nodig om ‘n lid van die PSSA te wees nie) mag dan foto’s inskryf in die onderskeie kategorieë, gewoonlik teen ‘n tarief per kategorie. Daar is gewoonlik ook ‘n beperking op die aantal inskrywings.
Die inskrywings word deur ‘n paneel van beoordelaars beoordeel. 'n Salon toekenning word gemaak wanneer ‘n foto in die top 20% per kategorie eindig. Daar is ook meriete toekennings en medalje’s vir kategorie wenners.

10. Hoe word salon toekenning gebruik vir vordering na volgende ster-status
Daar is geen onderskeid tussen salon toekenning in die print of digitale mediums nie. Dieselfde toekenning word gebruik om te bepaal of ‘n lid kwalifiseer in die prints of digitale medium vir vordering na ‘n volgende status.

11. Mag ‘n foto meer as een keer vir ‘n klubkompetisie ingeskryf word?
Nee, onder geen omstandighede nie! Die reëls bepaal dat geen foto (of soortgelyke foto) vir ‘n tweede klubkompetisie ingeskryf mag word nie, selfs al is dit in ‘n ander medium! Dieselfde foto mag egter vir verskillende salon kompetisies ingeskryf word.

12. **Wat is die formaat van foto titels?**
Fotos moet soos volg getitel word:
Kategorie(Ope of Vaste)_Titel_Fotograaf se naam_sterstatus.jpg

Voorbeeld: Ope_Padda_Jan Blom_4.jpg.